

Hoofstuk van die dag: Hooglied 6

> *Daar is sestig koninginne, tagtig byvroue, jong vroue sonder tal, maar sy, my duif, my volmaakte, is enig… (vers 8-9)*

Daar is baie aantreklike en selfs begeerlike mense in die wêreld. Onder hulle sal daar sekerlik ook dié wees met wie jy

’n verhouding kon aangaan. Maar as jy gekies het, raak hulle jou nie meer nie, want jou eggenoot is uniek en joune. In jou oë is hy of sy die volmaakte pasmaat vir jou, en daarom kyk jy nie meer rond nie en stel nie in ander kandidate belang nie.
In só ’n verhouding klop jou hart ná jare nog vinniger en bly jy verlief. Jou eggenoot is jou koning(in), en jy jou eggenoot s’n.
Daarom wil die man (of dalk die vrou volgens die 2020-vertaling) na sy beminde toe gaan om te ervaar hoe hulle verhouding groei, soos bome wat bot en bloei (vers 11). Die weersiens is betowerend (vers 12).
Die fout wat baie egpare maak, is om op te hou om vreugde by mekaar te soek, om op te hou om te werk aan hulle verhouding, sodat dit kan groei en wasdom bereik. ’n Goeie huwelik kom nie vanself nie. Dit lê in jou en jou eggenoot se hande. Koester mekaar elke dag.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026